# Meisies wat Grootgeword het om die Wêreld te Verander

THINK
DIGITAL ACADEMY




Clara Schumann



Eleanor Roosevelt

# Clara Schumann

## Klavierspeler en Komponis



Toe Clara agt jaar oud was, was sy al reeds 'n merkwaardige klavierspeler.




Ná een van haar konserte in ’n private huis,was sy deur ’n sewentienjarige seun genader...



... sy naam was Robert Schumann, en hy was ook 'n klavierspeler. Hy het vir Clara gesê sy is fantasties, en die twee was gou goeie vriende.




Clara het deur Europa gereis en konserte gehou, en sy het een van die bekendste komponiste en klavierspeler van haar tyd geword.




Robert het nader en nader na haar gegroei, totdat hulle getrou het toe Clara een en twintig jaar oud was.






Destyds was dit verwag van vroulike musikante om ná ‘n huwelik op te hou werk; sommige mense het geglo om musiek te komponeer die energie sou wegneem wat nodig sal wees om geboorte te gee en kinders groot te maak.

Maar vir Clara was die speel en komponeer van musiek nie net 'n werk nie: dit was haar passie, haar vaardigheid, haar rede om te lewe. Sy was nie van plan om op te gee nie.




Sy en Robert het uiteindelik agt kinders gehad, en Clara het honderde konserte gegee – meer as enige ander kontemporêre klavierspeler!





Sy het ook meer as twintig klavierwerke, 'n concerto, kamermusiek en verskeie korter liedjies gekomponeer.



Ciara en Robert was baie lief vir mekaar, en toe hy gesterf het, het sy opgehou komponeer en haar lewe daaraan gewy om sy musiek vir gehore regoor die wêreld te speel.



Jare later, terwyl sy self sterwend gelê het, het sy haar broerskind gevra om die Romance *in F Sharp Major* te speel, 'n stuk wat Robert vir haar gekomponeer het. Sy is dood voor die laaste note weggekwyn het.

# Eleanor Roosevelt

## Politikus



Eens was daar 'n ernstige meisie genaamd Eleanor Roosevelt.



Toe sy 'n tiener was, was Eleanor na ‘n skool in Londen gestuur.



Daar het sy 'n buitengewone onderwyseres met die naam Marie Souvestre ontmoet. Mev. Souvestre wou hê Eleanor moet vir haarself dink, om vry en onafhanklik te wees.



Eleanor het drie jaar by haar gestudeer, toe is sy huis toe ontbied omdat haar ouma wou hê sy moet trou.





Terug in die Verenigde State het Eleanor 'n ander Roosevelt ontmoet. Sy naam was Franklin Delano. Hulle het getrou, maar kort daarna het hy polio opgedoen.

Die siekte het hom van die middel af ondertoe verlam gelaat, maar Eleanor het hom nie laat moed opgee op sy drome nie. Met haar vasberadenheid en ondersteuning het hy voortgegaan om die president van die Verenigde State te word.





As presidentsvrou het Eleanor toesprake gehou, deur al die state gereis en 'n kampvegter vir menseregte geword. Sy het geglo dat alle mense vry gebore word en gelyk is in waardigheid en regte, en sy was vasbeslote om daardie regte in soveel lande as moontlik te bevorder.



Nadat haar man gesterf het, is Eleanor aangewys as die Amerikaanse delegaat vir die Verenigde Nasies. Sy het die voorsitter van die Kommissie vir Menseregte geword en was gelei tot die skepping van een van die belangrikste dokumente van die twintigste eeu: die Universele Verklaring van Menseregte.

Hierdie pragtige dokument het regerings geïnspireer om wette aan te neem wat mense se lewe beskerm en het burgers aangemoedig om op te tree wanneer hul fundamentele regte geweier is.





Te danke aan Eleanor – en aan die onvermoeide werk van baie verteenwoordigers van regoor die wêreld – het vryheid, gelykheid, waardigheid, respek en veiligheid het algemene doelwitte vir alle mense en alle nasies geword.

THINK

DIGITAL ACADEMY

